Vir die volgende paar weke gaan ons op ‘n begeleide toer deur ‘n dieretuin. Ons gaan by sommige diere se hokke inloer om iets by die diere te leer oor geloof. Soms gaan ons in die Bybel ‘n geloofsheld soek wat iets van ‘n bepaalde dier vir ons uitbeeld en dan gaan ons by hom verder leer oor geloof.

Wees vooraf gewaarsku: Dis ‘n ander soort dieretuin as waaraan julle gewoond is en nie al die diere in die dieretuin is groot diere nie. Maar die toegang is gratis, so kom ons begin.

“Gaan gerus na die diere en die voëls in die lug: hulle kan julle baie leer en vertel. Gaan praat met die aarde. Die aarde het baie om julle te leer. Die visse in die see het ook baie om julle te vertel. Hulle weet almal dat die Here alles gemaak het.”

-Job 12:7-9,
DIE BOODSKAP

LEEF JOU GELOOF

Praat met mekaar oor mense wat julle ken met wie dit so swaar gaan dat hulle wil moed opgee. Dink saam hoe julle vir hulle hoop kan gee en moed inpraat met Paulus se woorde in Filippense 4:13, byvoorbeeld deur kaartjies met Bybelversies te maak en vir hulle te gee. Bid veral vir hulle.

NET VIR OUERS

Inspireer jou kinders om nooit op te gee nie omdat hulle alles kan doen deur Jesus wat hulle krag gee. As ‘n kind byvoorbeeld moedeloos is oor ‘n spesifieke situasie, gesels daaroor en kom saam met ‘n plan vorendag. Moedig jou kind aan om met God aan sy/haar sy stap vir stap die situasie aan te pak.

NOTAS

DOEN SAAM :

Maak almal saam ‘n plakkaat met die woorde van Filippense 4:13 daarop (versier dit met prente van leeus), plak dit êrens in die huis op waar dit raakgesien sal word. Herinner mekaar daaraan om dit uit te leef. Kry die fliek *The Lion King* in die hande en hou ‘n gesinsfliekaand met springmielies en al!

GEBED:

Jesus, U is die Leeu van Juda, ek is deel van u trop volgelinge.
Mag U my bewaar en versterk deur hierdie nag en vir ewig.
Mag U vir my moed inpraat as ek minder dapper is.
U is voor my om die weg gelyk te maak.
U is langs my om my in U arms toe te vou.
U is agter my om al die aanvalle van die bose af te weer.
U is onder my om my te dra as ek mag val en misluk.
U is rondom my om my te beskerm
U is bokant my om my te seën.
U is binne-in my om my te lei met u Heilig gees.
So seën U, die drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees - my van nou af tot in ewigheid.
Amen

PAULUS, ONS EN DIE LEEUS

BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen ‘n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JESUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.

BYBEL

Lees Handelinge 9:1-18

* Wat leer jy uit die storie:

1. van God?
2. van jouself?

* Wat dink jy vra God jou (soos Hy vir Ananias gevra het) om nou vir Hom te doen?

Laat ons by die kampioen van die diereryk begin, die leeu. Het jy geweet die gebrul van ’n leeu kan tot agt kilometer ver gehoor word. Leeus gebruik blykbaar die gebrul om hul gebied af te baken en dit help hulle om mekaar op te spoor.

Leeus bly in troppe en vorm groter families as enige van die ander katsoorte. Hulle groet mekaar met vriendelike gebare soos om teen mekaar te skuur met hul koppe of lywe.

Gesels gou hieroor: Wat dink julle leer ons by die leeu van geloof, die apostel Paulus?

Dit was Augustinus, een van ons kerkvaders, wat die volgende oor Paulus te sê gehad het: “Want hy was ’n egte leeu, ’n rooi leeu, die groot leeu van God . . .”

Die storie in die Bybel van Paulus se bekering is werklik aangrypend. Dit was een van God se grootste verrassings – amper soos ’n poets wat Hy gebak het. God se strategie om die vervolging van die eerste kerk te stop, was om die leier van die vervolgingstroepe in die kerk se hoofsendeling te verander! Dit was nou nie iets waaraan ons sou gedink het nie (later sou Hy die vervolging van die kerk heeltemal stop deur een van die keisers, Konstantyn, tot bekering te bring!) Wel, as God Paulus se lewe kon omdraai, dan kan Hy enigiemand se lewe omdraai.

Deur Paulus se leeu-eiensappe te benut vir sy koninkryk het die boodskap van die Leeu van Juda, Jesus, soos ’n veldbrand deur die destydse wêreld, versprei.

Die einste Paulus herinner ons daaraan dat ons in staat is om alles te doen, ja om soos leeus op te tree, omdat ons krag kry by die Groot Leeu, Jesus: “Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee” (Fil. 4:13).

Om dit makliker te onthou, word ons deur die wonderlike animasiefliek, *The Lion King*, daaraan herinner. Een toneel uit die fliek wat goed daarin slaag is dié waarin Rafiki, die bobbejaan, vir Simba na die meer neem om sy pa vir hom te wys. Onthou, die probleem was dat hy vergeet het wie hy was en dat hy bang was. Simba sien dan die weerkaatsing van homself in die water. Dan sê Rafiki vir hom hy moet diep in die water kyk. Rafiki sê: “Kyk dieper, hy lewe in jou.”

Wanneer Simba weer kyk hoor hy sy pa se stem wat vir hom sê: “Simba, jy het vergeet wie jy is, jy is meer as wat jy geword het. Onthou wie jy is . . .”

Kyk weer ’n slag na die toneel en onthou dan, jou doop is ook ‘n bewys daarvan dat jy meer is as wat jy ooit kan dink of droom. Jy is God se eiendom - onthou wie jy is en leef so. Ja, ek en jy is deel van die trop van die Leeu van Juda.